**Sondag 20 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:89-96**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:89**
**Sonder die ewige , magtige en vaste Woord van die Here sou ek vergaan het**

"U Woord, HERE, staan vir altyd vas in die hemel." Die woonplek van die HERE se Woord is in die hemel. Dit is die herkoms en tuiste van die HERE se Woord – die hemel. Dit is waar Jesus, self ook die Woord, vandaan kom om met sy evangelie vir ons lewe op aarde te skenk. Die Woord van die HERE is verhewe bo alle verandering (Jes. 40:6-8; 1 Pet. 1:22-25), wisseling en beroering wat so kenmerkend is van die lewe op aarde. Gelowiges kan hier op aarde groot onsekerheid en twyfel beleef. Daarom moet ek deur die geloof my hart verhef en my anker uitgooi in die hemel daarbo waar Jesus Christus is aan die regterhand van sy Vader en ons Vader (Kol. 3:2-4).

Hoewel die lewe op aarde onderworpe is aan soveel verandering, is daar twee sake waarin die HERE se Woord uitblink op die aarde. Ongelowiges sal hulleself daarom nie kan verontskuldig nie. En dit is: dat die aarde deur die HERE vasgestel is en op sy vaste plek bly. Van dag tot dag bly dit so (vs 91). Die HERE hou die aarde so in sy vaste plek dat ongelowiges dapper dink, dit sal maar net altyd so bly en dit maak nie saak of jy op die HERE se Woord vertrou of nie (2 Pet. 3:4-7, 13; Heb. 12:25-29).

Die digter sê in vers 92 as hy hom nie in die HERE se ewige Woord verlustig het nie, sou hy omgekom het in sy ellende. Hy sou verlore gegaan het. Die mense wat ontrou is aan die HERE se Woord, wag hom in en lê hom voor om hom te vernietig (vs 95). Dit is waar sy ellende vandaan kom. Hierdie woord vir ellende is ook die woord wat Jesus gebruik in Matteus 5:3: "Salig is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."

Aan jou, ellendige gelowige wat wag op die HERE, word nou 'n heerlike belofte gemaak dat die uitkoms waarop die eeue so lank gewag het, hier is in Jesus Christus! (Jes. 40:1). Hou goeie moed!

*Sing: Psalm 119-1:33-36 of Psalm 119-2:16, 17*

*Ds. JH (Hans) Grobler (Reddersburg en Bloemfontein Suidheuwels)*